

ONDERWYS IN DIE WORDINGSJARE, 1836 - 1859.

1. Onderwys op trek.

Gedurende die trek en die eerste klompie jare van die Trekkers in die Transvaal was daar van georganiseerde onderwys geen sprake nie. Hulle moes in alle opsigte in al hulle behoeftes self voorsien: opvoedkundig, kerklik en stoflik. Nietemin is die jeug opgevoed om „beskaafde godvresende lede van die samelewing te word, met 'n diepe besef van hul plig teenoor hul kerk, hul land en hul volk“¹). Daarom was die opvoeding van die jeug op trek en kort na die aankoms in die gebied noord van die Vaal hoofsaaklik huisonderwys, wat meestal by die moeders berus het, met baie min boeke tot hulle beskikking.

Die opvoeding van die Trekkerkind was in alle opsigte 'n praktiese opvoeding, essensieel godsdienstig. Kinders is voorberei vir die eise van die lewe om hulle heen. Die Trekkers het probeer om onderwysers en predikante te verkry; en hoewel daar op die trek 'n paar onderwysers was, was daar nie vir hulle veel tyd om baie aandag aan die opvoeding en onderwys te bestee nie.

2. Onderwys in die beginjare, 1838 - 1851.

Oor die aanvangsjare van die onderwys in die Transvaal kan daar ongelukkig bitter weinig gegewens uit dokumentêre bronne en geskrifte van daardie tyd gevind word.

Kort na hulle aankoms in die nuwe geweste moes die Trekkers dadelik begin met die skoonmaak van grond vir landerye en die bou van huise, krale en die menigvuldige ander werksaamhede wat eie is aan 'n nuwe plaas, met die gevolg dat daar nie onmiddellik aandag aan 'n stelsel van georganiseerde onderwys gegee kon word nie. Die onderwys was gedurende hierdie jare dan nagenoeg soos tydens die trek, Gelukkig het die Nederlanders baie belangstelling in die geestelike versorging en opvoeding van die Trekkerkinders getoon en daadwerklike hulp gestuur in die vorm van boeke en onderwysers. Veral deur bemiddeling van pro-

1. Lubbe: Lewensomstandighede en die opvoeding van die Voortrekkerkind, 75

fessor Lauts is onderwysers uit Holland na die Transvaal gestuur¹).

Op 29 Julie 1851 het 'n skip, die „Vasco da Gama“, in Delagoabaai aangekom met die drie onderwysers, H. van der Linden, J. W. Spruyt en W. Poen, aan boord, en daarmee begin 'n nuwe tydperk in die Transvaalse onderwysgeskiedenis²). Eersgenoemde het hom in Potchefstroom gevestig, terwyl Poen na Lydenburg en Spruyt na Rustenburg is.

Samevattend kan ons oor die onderwys in die Transvaal gedurende die beginjare opmerk dat sonder 'n georganiseerde stelsel van onderwys, sonder noemenswaardige hulpmiddels, geboue of meubels die Vooortrekker sy kind bewaar het teen verstandelike of sedelike degenerasie, hom opgevoed het in gehoorsaamheid, in eerbied vir gesag, in liefde vir volk en vaderland; kortom: in die vrees van God. Dit was 'n opvoeding wat aangepas het by die omgewing en die lewensomstandighede en derhalwe voldoen het aan die eise van die tyd, 'n onderwys waarin die staat geen aandeel gehad het nie en wat hoofsaaklik deur die ouers self behartig is, sonder enige noemenswaardige koste.

3. Onderwys van 1851 tot 1859.

a. Besoldiging van die eerste „permanente“ onderwysers.

Met reg kan die begin van die min of meer georganiseerde onderwys in Transvaal teruggevoer word tot 27 Julie 1851, toe die Nederlandse skip „Vasco da Gama“ met die drie bogenoemde onderwysers aan boord, in Delagoabaai aangekom het. Hulle sou die eerste vaste onderwysers in Transvaal word³).

Poen het 'n ooreenkoms met die Lydenburgse Kerkraad getref en op Lydenburg opgetree as onderwyser en voorleser by godsdiensoefeninge, en die Kerkraad was vir sy salaris verantwoordelik.

Op hulle versoek het die Volksraad Van der Linden benoem tot on-

-
1. Annale van die Universiteit van Stellenbosch, jaargang 14, September 1936, 202.
 2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 18.
 3. Ibid., 19.

derwyser te Mooirivier (Potchefstroom) en Spruyt te Rustenburg¹). Hoewel die owerheid dus in albei gevalle goedkeuring gegee en die benoeming gedoen het, is die saak verder aan die ouderlinge en diakens oorgelaat²). W. Poen het aanvanklik te Lydenburg uit die kerkkas geleef, net soos die salaris van Spruyt in Rustenburg, wat aanvanklik op rds. 1200 per jaar vasgestel was en deur die Kerkraad gewaarborg was³).

Van der Linden het sy werk op Potchefstroom op 'n soort kommissiebasis gedoen, daar hy skoolgeld van die kinders se ouers ontvang het, wat op 20 skellings per kind per maand vasgestel was. Gedurende die eerste paar maande, toe Van der Linden se skool deur nie minder as 85 leerlinge besoek is nie, het dit met hom voorspoedig gegaan. Kort daarna het die leerlinge om verskillende redes, onder andere „volleerdheid“, die skool verlaat⁴). Ds. Van der Hoff het hierdie saak aangepak, waarop die Kerkraad die onderwyser 'n salaris van £100 per jaar gewaarborg het. Ten einde die ouers aan te moedig om so ruim moontlik by te dra, is ooreengekom dat vir elke bydrae van £2 een kind, vir elke bydrae van £3 twee kinders en vir elke bydrae van £5 'n onbepaalde aantal kinders na die skool gestuur kon word⁵).

Die enigste koste wat die regering aan die onderwys gehad het, staan in verband met die geringe huur van Van der Linden se huis. Teen die einde van 1853 het die Volksraad op versoek van Van der Linden besluit om die huurgeld van die onderwyser se huis te betaal, en die onkoste wat hy reeds daaraan gehad het, is aan hom terugbetaal⁶).

b. Die eerste onderwysreglemente in Transvaal.

Met die benoeming van die eerste onderwysers uit Nederland het die staat hom vir die eerste keer direk met die onderwys bemoei. Ons kan hier egter nog geensins praat van staatsonderwys nie, want die staat het slegs hulle aanstellings goedgekeur, en daarmee was hy klaar

1. V.R.B. 17 Maart 1852, art. 24.

2. Ibid.

3. V.R.B. 15 Junie 1852, art 61.

4. L.K., no.265: V.d.Linden aan Lauts, Potchefstroom, 7 Oktober 1853.

5. Ibid.

6. V.R.B. 21 November 1853, art.99.

met die saak, want „beide heeren (Van der Linden en Spruyt) worden daartoe benoemd en aangesteld en de heeren Ouderlingen en Diakenen verzocht om voor de regeling van dit onderwerp zorg te dragen¹). Met hierdie twee onderwysers se benoeming het die Volksraad dus vir hom geen direkte finansiële verpligting op die hals gehaal nie.

(1) Die Van der Linden-reglement²).

Van der Linden het saam met sy aansoek om plasing as onderwyser 'n reglement tot reëling van die onderwys aan die Volksraad voorgelê, wat beskou kan word as die eerste onderwysreglement in die Transvaal.

Artikels 1 tot 3 van die Reglement bepaal dat die „Gemeente“ moet sorg vir 'n huis vir die onderwyser, vir 'n skoolgebou, die noodsaaklikste meubels soos tafels, banke, borde en skoolbehoefte. Artikel 4 van die Reglement bepaal dat die gemeenskap verantwoordelik is vir sy salaris, of die onderwyser kon maandeliks skoolgeld ontvang van die ouers.

(2) Betekenis van die Reglement³).

Aan duidelikheid laat hierdie eerste poging van onderwyswetgewing niks te wense oor nie, en tog wil dit voorkom asof die Volksraad die strekking daarvan nie begryp het nie. Van der Linden, pas uit Nederland, het, in ooreenstemming met die Nederlandse gebruike, met die term „Gemeente“ of „Gemeentebestuur“ niks anders as die plaaslike dorps- of distriksgemeenskap bedoel nie en daarmee vanselfsprekend die staat, d.w.s. die Volksraad, met die finale verantwoordelikheid belas. Om hierdie rede word daar in die Reglement dan ook op geen plek na die kerk of kerkraad verwys nie. Daarteenoor het die Volksraad, onbekend met die besondere betekenis van die woord, met die gebruik van die term in die eerste plek aan 'n kerklike gemeenskap gedink en waarskynlik daarin dankbaar 'n geleentheid gesien om van onwelkome verantwoordelikheid ont-

1. V.R.B. 17 Maart 1852, art.24.

2. Aangeneem in die Volksraadsitting van 15 Maart 1852 (V.R.B.17 Maart 1852, art.24). Hierdie reglement verskyn ook in sy geheel in Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., Aanhangsel 1.

3. Kyk ook Pelzer: Wordingsjare, 196-7.

slae te raak. Aan hierdie foutiewe opvatting moet dit dan ook toegeskrywe word dat die Volksraad in dieselfde sitting waarin die Reglement aanvaar is, daartoe oorgegaan het om Van der Linden en Spruyt as onderwysers aan te stel en hulle onmiddellik daarna op die skouers van die ouderlinge en diakens af te skuif.

Die posisie van die onderwyser is deur hierdie Reglement dus nog geensins verseker nie, want vir sy salaris sou hy van die skoolgelde en Kerkraad afhanklik wees. Dit weer was afhanklik van die aantal kinders op skool; en daar geld destyds skaars was¹), moes die onderwyser dikwels vergoeding in die vorm van lewensmiddele ontvang²).

Hoewel die twee onderwysers dus deur die Volksraad aangestel is, was hulle vir hulle salaris ten volle afhanklik van die ouers en die Kerkraad en kan daar dus op hierdie tydstip geen sprake van staatsonderwys wees nie. Hierdie wisselende aard van die vergoeding van die onderwysers sou vir nog baie jare een van die grootste hindernisse in die weg van onderwysontwikkeling wees.

c. Ds. Van der Hoff se onderwysreëling.

Ds. Dirk van der Hoff het op 27 Mei 1853 in Potchefstroom aangekom as predikant, en hy het dadelik aan die werk gespring en pogings aangewend om die onderwys te verbeter. Op die eerste sitting van die Kerkraad onder sy voorsitterskap het ds. Van der Hoff die vergoeding aan die skoolmeester op vaste voet gestel. Die ouers moes teken vir 'n vaste bedrag, terwyl die Kerkraad die tekort sou aanvul. Hy het ook 'n reglement vir skole ontwerp, wat deur die Volksraad aangeneem is. Dit is die tweede poging of reglement om die onderwys in die Transvaal te reël³).

1. Kyk bl. 16 en 17 hierbo.

2. Vgl. ook Wypkema: Die invloed van Nederland op die ontstaan en ontwikkeling van Staatsinstellings der Z.A.Republiek tot 1881, 473 e.v.

3. Aangeneem tydens die sitting van November 1853 (V.R.B. 21 November 1853, art. 100). Ook opgeneem in Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 47 - 48. Voortaan gerieflikheidshalwe die Van der Hoff-reglement genoem.

Hierdie Van der Hoff-reglement het bepaal dat alleen persone wat deur die Kerkraad as onderwyser goedgekeur is, in dié hoedanigheid aangestel mag word (art.1). Artikel 2 bepaal dat daar voorlopig nie meer as een onderwyser in 'n dorp deur die regering aangestel mag word nie en dan ook eers na goedkeuring deur die Kerkraad. Artikel 4 bepaal dat iemand wat as huisonderwyser op die platteland onderwys wou gee, hom eers deur die predikant moes laat eksamineer.

Met die aanname van hierdie voorstelle van Van der Hoff deur die Volksraad¹) het die onderwys vir die toekoms 'n nuwe grondslag gekry. Die bedoelde staatsonderwys van Van der Linden het verdwyn om plek te maak vir kerkbeheer. Die enigste funksie wat vir die regering oorgebly het, was om onderwysers op aanbeveling van die Kerkraad aan te stel en dan op die een of ander manier vir die salarisse van die onderwysers te sorg. Vandaar dan ook dat die Raad by dieselfde geleentheid weer 'n beroep op die burgers gedoen het om hulle belastings te betaal ter „instandhouding van hunne burgerlijke stand en godsdienstig onderwys“²).

Hierdie twee onderwysreglemente is deur die Volksraad goedgekeur sonder dat daar eers deeglik ingegaan is op die volle betekenis daarvan en die verantwoordelikhede wat dit vir die Volksraad sou meebring. Dit moet moontlik daaraan toegeskrywe word dat die Raadslede nie ontwikkelde persone was nie.

Die betekenis van die twee onderwysreglemente is hoofsaaklik daarin geleë dat dit begin het om sekere sake rakende die onderwys in breë trekke neer te lê; dit vorm 'n basis vir alle verdere onderwyswetgewing in Transvaal. Hoewel die kerk en die staat beter onderwys vir die land se kinders begeer het en ook daarna gestreef het om die peil daarvan te verhoog, is daar egter nie veel gedoen om 'n vaste inkomste aan die onderwyser te verseker nie, en in die meeste gevalle was juis

1. V.R.B. 21 November 1853, art.100.

2. Ibid., art.99. Vgl. ook: a. Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 48;
b. Pelzer: Wordingsjare, 197.

dit die rede waarom onderwysers nie te lank by een skool kon of wou bly nie.

d. Woelinge en onsekerheid.

Die grootste gedeelte van die vyftiger jare in die Transvaal is gekenmerk deur onderlinge verdeeldheid, onrus en onstabiliteit onder die burgers, sodat die algemene landstoestande erg vertroebeld geraak het; en dit sou ook sy spore op die onderwys laat. In die meeste sentra in die Transvaal het die onderwys gedurende hierdie jare dan ook 'n sukkelbestaan gevoer en was verskeie onderwysers in politieke of kerklike moeilikhede betrokke waardeur hulle hulle poste en dus ook hulle inkomste verloor het.

e. Die finansiering van die eerste onderwysers.

In Lydenburg het onderwyser Poen so 'n wisselvallige en onsekere inkomste van die Kerkraad ontvang as gevolg van wrywing tussen die kerklike en die wêreldlike outoriteit, dat die Kerkraad die Lydenburgse Volksraad versoek het om ondersteuning te gee vir die salaris van Poen. Die Volksraad het toegestem, en volgens ooreenkoms moes die Volksraad, nadat skoolgeld en vrywillige bydraes afgetrek is, die helfte van die ontbrekende bedrag van meester Poen se salaris betaal. Vir die 12 maande tot 17 Julie 1857 was Poen se salaris rds.500 plus 8 mud koring en 12 mud mielies. Vrywillige bydraes en skoolgeld het respektiewelik £4:17:6 en £12:4/- opgelewer, sodat die aandeel van die regering aan die tekort op £10:4:3 te staan gekom het. Pas nadat die regering vir die eerste keer sy finansiële verpligtinge nagekom het en daarmee die Kerkraad belangrik tegemoetgekom het, het die Kerkraad ewe skielik besluit om hom heeltemal aan die onderwys te onttrek en die skool volkome in die hande van Poen te laat. Hy is egter nog gehandhaaf as godsdiensonderwyser teen 'n salaris van £22:10/- per jaar plus die gewone bydrae aan koring en mielies¹). Die Kerkraad het die regering ook versoek om die helfte van Poen se ontbrekende salaris, na invordering van

1. L.K. 1 en 8, 13 September 1858: Ds. Huet namens Kerkraad aan Volksraad; Ook V.R.B. 21 Julie 1857, art.13.

vrywillige bydraes, te waarborg, 'n versoek waarop die Uitvoerende Raad instemmend geantwoord het op voorwaarde egter dat die ondersteuning beëindig word sodra 'n vaste predikant verkry is¹).

In Potchefstroom het Van der Linden gebots met ds. Van der Hoff, as gevolg waarvan die Kerkraad besluit het om hom aan die onderwys te onttrek, met die gevolg dat Van der Linden sonder inkomste was. Hier het die regering ingegryp om iets aan die onderwys te doen deur A. F. Schubart as onderwyser vir keuring by die Kerkraad aan te beveel²). Kort daarna is A. Scheurkogel se „papieren“ deur die Kerkraad ondersoek, in orde bevind en het hy op 6 Julie 1857 begin skoolhou³). Die regering het dus die onderwyser gesoek en slegs vir keuring aan die Kerkraad voorgestel en dan self sy salaris betaal. Nadat Potchefstroom daarna weer 16 maande sonder onderwyser was, het die staat weer ingegryp en Van der Linden op 7 April 1859 as goewermentsonderwyser op Potchefstroom aangestel teen £75 per jaar⁴).

Op Rustenburg het Spruyt 'n jaarkontrak met die Kerkraad aangegaan waarin aan hom 'n salaris van rds. 1200 per jaar asook 'n vrye kamer en 'n toelaag per kind om skoolbehoefte mee te koop, gewaarborg is, maar ook hy het die onderwys daar laat vaar as gevolg van 'n botsing met ds. Van der Hoff⁵).

Kort na die stigting van Pretoria het J. W. Struben daar 'n skooltjie begin, maar sy salaris van rds. 40 per jaar was ontoereikend⁶), en nadat Pretoria weer 18 maande sonder onderwys was, het die regering ook hier ingegryp en Hendrik Stiemens as goewermentsonderwyser teen 'n salaris van rds.1000 per jaar en vrye inwoning aangestel⁷).

1. L.K.5; Vgl. ook Pelzer: Wordingsjare, 189.

2. R.1601/57: Regering aan Kerkraad, 18 Junie 1857.

3. R.1630/57: Van der Hoff aan M.W.Pretorius, Potchefstroom, 6 Julie 1857.

4. Staatskoerant, 1 en 8 April en 13 Mei 1859.

5. L.K.290: J.W.Spruyt aan Lauts, Bloemfontein, 25 Augustus 1854.

6. R.1326/57: Landdros Du Toit aan M.W.Pretorius, Pretoria, 13 Februarie 1857.

7. Staatskoerant, 28 Oktober 1859.

Kyk ook R.2965/59, d.d. 12 Oktober 1859, vir aanstellingsbrief.

f. Samevatting.

Nieteenstaande die daarstelling van die eerste twee onderwysreglemente vir Transvaal aan die begin van die vyftiger jare, het daar nog onsekerheid bly voortduur oor die werklike aandeel van die staat en die kerk aan die onderwys, ten nadele van die onderwys van die kinders in die geheel en die onderwysers in die besonder. Eers vanaf die helfte van die vyftiger jare het die staat sy verantwoordelikheid vir die onderwys begin besef, nadat hy telkens genoodsaak was om in te gryp en in te staan vir die salarisse van die onderwysers. By die opstelling van die eerste grondwet in 1855¹) het die regering getoon dat hy die onderwys as staatsaangeleentheid begin beskou het, en daarna het die saak in elke latere voorgestelde grondwet teruggekom, totdat die beginsel van staatsonderwys finaal in die grondwet van 1858 vasgelê is²). Daarna het sake vinnig ontwikkel, sodat ons nog voor die einde van 1859 'n omvattende onderwysreglement van 30 artikels kry, wat die onderwysbeheer en die finansiering daarvan duideliker omskryf as enigeen van die voriges.

Tot hiertoe het dit met die finansiering van die onderwys inderdaad sleg gegaan by gebrek aan 'n beherende liggaam wat hierdie spesifieke taak moes behartig. Gelukkig het die staat sy ietwat onverskillige houding teenoor die onderwys laat vaar, telkens ingegryp om onderwysers te vind en selfs te salarieer, om so tot die besef van sy verpligtinge te kom en iets positiefs aan die saak te doen.

1. R.950/55 art.29 lui: "Het volk verlangt de opbouw, bloei en welvaart van Kerk en Staat en uit dier hoofde voorsiening in de behoefte aan Nederduitsch Hervormde Predikanten en Schoolmeesters".

2. 1858-grondwet, art.24.